

**7 Julie**

**Genesis 45:1-13, (Teks: 45:3-5)**

***Vergewe mekaar omdat God in beheer is***

Om regtig te vergewe is seker een van die moeilikste dinge wat ons moet doen. Veral as mense ons baie seer gemaak het. Ons sukkel ook om onself te vergewe vir dinge wat ons verkeerd gedoen het. Een van die redes hoekom dit so moeilik vir ons is, is omdat ons nie raaksien dat God regtig alles ten goede laat gebeur nie.

Josef maak homself bekend aan sy broers in Genesis 45. Na alles wat hulle aan hom gedoen het, toe hulle hom in die put gegooi en later as slaaf verkoop het, kry hy dit werklik reg om hulle te vergewe.

Josef het besef dat die Here sy broers se sondes gebruik het in sy groot plan. Josef het besef dat God deur alles wat gebeur het beplan het om baie mense se lewens te red. Josef het die ander kant van die werklikheid raakgesien. Hy het besef dat God alles gebruik het om sy plan uit te voer.

Daarom was dit vir hom makliker om sy broers te vergewe vir wat hulle gedoen het. God vergewe mos sonder voorwaarde. God vergewe mos sonder om terug te dink aan alles wat ons verkeerd gedoen het. Dit is al wat ons ook moet doen.

Ons is so geneig om wrokke rond te dra. Ons onthou so graag alles wat mense al teen ons verkeerd gedoen het. Ons kan so goed opnoem hoe ander mense ons al te na gekom het. Is dit nie tyd om te aanvaar dat dit alles deel van God se plan vorm nie. Is dit nie tyd om skoon te maak en regtig te vergewe nie? God se plan met ons lewens hou ook rekening met ander mense se sondes teenoor ons. God se plan met ons lewens is goed. Aanvaar dit en vergewe mekaar.

Sing: Skrifberyming 21:4-6

Ds. J.D. van't Zand (Randburg-Oos)